CONFRONTING CLIMATE CHANGE

A SOUTH AFRICAN FRUIT & WINE INITIATIVE

'n Webgebaseerde inligtingsportaal vir klimaatverandering en landbouvraagstukke wat verband hou met die vrugte- en wynuitvoerbedryf, insluitend 'n ***aanlyn-koolstofvoetspoor-berekeningswerktuig.***

Om Suid-Afrika se mededingende posisie op die wêreldwye vrugte- en wynuitvoermarkte te behou, moet die bedryf 'n verenigde reaksie ten opsigte van klimaatverandering toon – ingelig deur grondige wetenskap en gebaseer op plaaslike inligting.

Inleiding:

Daar word voorspel dat klimaatverandering 'n direkte impak op Suid-Afrika se gemiddelde jaarlikse temperatuur en reënvalverspreiding sal hê en gevolglik plaag- en siekteverspreiding, die blom- en vrugdraseisoen, asook grondwaterhulpbronne sal beïnvloed. Klimaatverandering het ook 'n indirekte impak vanweë toenemende bewuswording onder verbruikers en die ooreenkomstige aandrang op koolstof-doeltreffende sakeprosesse. Die landbousektor is 'n groot bron van kweekhuisgasse (KHG's) as gevolg van bedrywighede soos grondgebruiksverandering, landbouchemiese toedoening en fossielbrandstofgebruik. Deur middel van konserwatiewe energietegnologieë en volhoubare boerderypraktyke bestaan daar groot vrystellingverminderingsgeleenthede wat doeltreffendheid kan verbeter en koste deur die hele verskaffingsketting kan verminder.

Doelwitte van die projek:

- Om klimaatveranderingsvraagstukke, -geleenthede en -bedreigings op landbougebied op die voorgrond te plaas en bekend te maak
- Om binne die vrugte- en wynsektor 'n bedryfstandaard vir KHG-ouditering te skep en om 'n gestandaardiseerde meting, verslagdoening en vergelyking van individuele plaasvrystellings wat vrystellingverminderingsgeleenthede op die voorgrond te plaas.
- Om ingeligte en gesaghebbende kommentaar, debatvoering en onderhandeling deur belanghebbendes en beleidsmakers moontlik te maak.
- Om leiding te gee aangaande kort- en langtermynstrategieformulering deur besluitnemers dwarsdeur die bedryf.

Hoe om betrokke te raak:

Die sukses van hierdie projek hang af van die aktiewe betrokkenheid van die bedryf. Moenie huiwer om met die projekspan of u bedryfsverteenwoordiger te skakel nie.

Projekkoördineerder: Hugh Campbell

Tel.: 021 882 8470, e-pos: hugh@dfptresearch.co.za

Projekbestuurder: Shelly Fuller Tel.: 021 465 6923, e-pos: shellyf@genesis-analytics.com

Uitkommste van die projek:

inligting

- Klimaatveranderingsoordrag
  - Werkswinkels en Inligtingsdokument
  - Begrip van die projekdoelwitte en koolstofvoetspoorsjabloon
  - **Tydraamwerk: Maart 2009**

oudit

- Kweekhuisgas- (KGH) voetspoorwerktuig
  - Webgebaseerde toegang vir gebruiker om begrip te verkry van KHG-vrystellings as gevolg van hulle eie bedrywighede, asook dié deur die res van die verskaffingsketting
  - **Tydraamwerk: Julie 2009**

beplanning

- Klimaatveranderingsreaksie – Strategiese Raamwerk vir Vrugte- en Wynuitvoerbedryf
  - Die inligting verkry uit die KHG-taksering sal gebruik word om vrystellingverminderingsgeleenthede strategies te identifiseer en om realistiese doelwitte en teikens vir die industrie te vestig
  - **Tydraamwerk: Desember 2009**

Hierdie Industriele projek is 'n gesaamentlike initiatief geborg deur die plaaslike vrugte en wyn industrie, regering (NAMC& PHI) asook geborge finansiering (ComMark Trust).